

Salvator Mundi –

Christusfiguur groots & vol deernis

Die kunstenaar Leo Theron is waarskynlik Suid-Afrika se belangrikste kunstenaar wat betref kleurglasvensterwerk. In die vyftigerjare het hy kunsopleiding in Parys ontvang en in 1956 sy eerste kerkopdrag, 'n muurskildering in die NG Kerk Roodepoort, voltooi. Hy het daarna in samewerking met die argitek Anthonie Smit verskeie kerkopdragte in die tradisionele kleurglasvenstertegniek uitgevoer.

Theron het later weer na Parys teruggekeer, waar hy onder leiding van die beroemde glasvensterkunstenaar Gabriel Loire veral die vervaardiging van die nuwe, dikker kleurglas by die Verrerie de Saint Just bestudeer het.

Die nuwe kleurglas, wat ongeveer 2 cm dik is en gemaak in panele van 30 x 20 cm, word gebruik in die metode wat as *dalles de verre* bekend staan. Die kleurglasvenster van die Church of Christ the King, in Queenswood, beslaan 102 vk. meter.

Die Christusfiguur in *Salvator Mundi*, waarvan ons 'n afdruk plaas, is driemaal lewensgrootte. Hierdie glas-in-sementwerk vorm eintlik deel van die muur en is besonder sterk.

Die werkmetode kan soos volg beskryf word: Eers word 'n volskaalontwerp van die venster op papier geteken vanaf 'n kleiner ontwerp in kleur. Op dié ontwerp moet voorsiening gemaak word vir die indeling in kleiner vierkante, en vir die invoeging van smal betonstutpilare. Hierna word die verskillende kleure glas op die regte plek geplaas en die vorm daarop afgetrek. Dan word

> *“Leo Theron is waarskynlik Suid-Afrika se belangrikste kunstenaar wat betref kleurglasvensterwerk”*

elke blokkie glas aan die voorkant met 'n diamantsnyer uitgemerk, omgekeer op 'n metaalstut, en met 'n hamertjie getik om langs die snylyne te breek.

Die ontwerp (in vierkantstukke) word dan op 'n tafel gelê. Staalstawe (die versterking), 6 mm dik, word gesny en tussen die glasblokke gelê. Houtbekisting word dan om elke vierkant geplaas en sement word in al die gleufies tussen die glasblokkies gegiet, wat met modelleerklei omraam is sodat die sement nie op die glas kan oorspoel nie. Wanneer dit droog is, word die vierkant uit die houtbekisting gehaal. So word die hele ontwerp blokgewyse opgebou.

Theron het in 1970 met *Salvator Mundi* begin en die werk, wat in die Wesley Methodist Church, Pretoria te vinde is, in November 1971 voltooi. Dit is 7,92m hoog en 4,65m wyd, dus in totaal 32,52 vierkante meter. Die onderwerp is een wat seker die meeste in die kerkkuns voorkom.

Die werk is aangrypend: die Christusfiguur groots maar tog vol deernis en teerheid - voorwaar 'n meesterstuk in die Christelike kuns. **Δ**

— Albert Werth